Herhaaldelik is dit aanbeveel dat al die konferensiewerke eenmaal per jaar aan 'n publieke poging sou deelneem. Daarom is daar planne beraam dat die skrywer 'n poging in Pretoria sou hou. Ons was baie bly vir hierdie voorreg en gevolglik is daar alreeds twee-en-veertig dierbare siele gedoop en baie ander is belangstellend. Hierdie poging het sy eie koste gedek.

Ons is vas daarvan oortuigd dat die tyd ryp is vir sterker evangeliewerk. Ons moet planne lê vir meer evangelistiese pogings, en ons moet ons daarop toelê om daarby meer siele te win. Ons moet ons werk so probeer reël dat elke konferensiewerke kan deelneem aan hierdie publieke pogings. Die tyd gaan vinnig verby, die hemelse ondersoek sal netnou op n' end wees, ons moet die boodskap van die derde engel uitbasuin, totdat elke stad en dorp in ons konferensie die tyding van die spoedig komende Heiland sal gehoor het.

**Ledetal**

By ons laaste tweejarige konferensie was ons ledetal 902; ons het toe die doel van 1,000 gesit. Ons is baie bly om te sê dat ons ledetal nou 1,124 is. Ons glo dat ons onder leiding van ons Hemelse Vader 'n baie hoë syfer moet sit vir ons doelwit vir die komende tweejarige periode.

**Verslae van die Departemente**

Die sekretaris van elke departement sal 'n volledige verslag gee. Hierdie departemente wys in die laaste twee jaar 'n gesonde groei, en dit sal uitkom terwyl die verslae gelees word.

**Finansies**

Die geldelike verslaenheid wat die laaste twee jaar die hele wêreld aangetas het in vervulling van die profesie "en op aarde benaauwdheid der volken met twijfelmoedigheid . . . en den menschen het hart zal bezwijken van vrees en verwachting der dingen, die het aardijk zullen overkomen." Lukas 21: 25, 26, het ook die geleedere van hierdie beweging oor die

hele wêreld aangetas, en ons konferensie is daarop geen uitsondering. Die geldelike spanning van ons konferensiewerk het ons beamptes baie sorg en verslaenheid besorg. Ons het dikwels nie geweet wat te doen nie.

Die tiendes vir die laaste vier jaar is as volg:

1928 - 1929	1930 - 1931
£10,924-6-8	£11,501-10-8

Gedurende die laaste drie jare wys die syfers uit dat die konferensie gewerk het met 'n finale wins van £6, 'n baie klein speelruimte. Maar in aanmerking nemende die finansiële krisis in die wêreld, is ons dankbaar dat die syfers 'n klein wins wys.

**Evangelistiese Waarborgfonds**

Wat dit moontlik gemaak het vir die konferensie om in die afgelope twee jare so 'n sterke evangelistiese program te volg is die ontwikkeling van die Evangelistiese Waarborg Fonds. Deur heel die konferensie het ons kerke getrou bygedra tot hierdie fonds. Die geld wat op die manier bymekaar gemaak is, is uitsluitend vir evangelistiese doeleindes gebruik en nie 'n enkele pennie is vir die gereelde werk van die konferensie bestee nie. Hierdie gelde het dit moontlik gemaak om tydelik ekstra hulp vir pogings aan te neem en om meer pogings te hou. Ons het die gees van evangeliewerk wat ons getrou lede gewys het, baie waardeer. In party gevalle is groot somme gegee vir pogings in bepaalde dorpe. Dit alles wys dat die werklike las om siele te win rus op die harte van ons mense. Hier is die gulde geleentheid om ons geld te belê in die redding van siele deur hierdie evangelistiese veldtogte. Netnou sal geld waardeloos wees; vandag kan dit nog gebruik word om kosbaar siele in die waarheid te bring. Die Evangelistiese Waarborgfonds in die afgelope twee jaar het bedra:

1930	£344	1	0
1931	332	9	1

Vir die twee jare £676 10 1

Ons wens ons opregte waardering uit te spreek voor al ons mense wat so getrou bygedra het tot ons evangelistiese werk. Ons vertrou dat hulle dit ook verder sal ondersteun sodat 'n groot aantal pogings in die toekoms mag gehou word.

**Sending Offerandes**

Die belangstelling van ons mense in buitenlandse sendingwerk is in die afgelope jaar duidelik aan die lig ge-

kom. Selfs waar hul inkomste aanmerklik verminder is, daar wys ons Sending Offerandes tog 'n gesonde toestand. Die volgende syfers is van belang:

1928 - 1929	1930 - 1931
£7,212 12 6	£7,327 14 4

**Die Toekoms**

Waar die deur oopgaan, staar ons in die komende tweejarige tydperk. Die vraagtekens aan die horison word verlig deur die geseënde hoop van die spoedige koms van ons Heer en Meester. Waar die beloftes waar en seker is, hulle het nooit gefaal nie en sal nimmer faal nie, kan ons sonder vrees Sy hand vat, terwyl ons die onbeproefde paaie van die toekoms bewandel. Die pad van die Kristen word helderder verlig al na ons nader kom aan die volkome dag. Maar duisternis bedek die aarde, en donkere duisternis die volke. Ons kom vinnig nader aan die tyd van benoudheid soos nog nooit gewees is nie, en aan ons is voorsê dat die werk wat ons nalatig gewees het om te doen in tye van vrede en voorspoed, gedaan sal word in dae van moeite en verslaenheid, wanneer dit soveel moeiliker sal wees om die werk te doen, moeiliker as ons ooit kan indink. Daarom moet ons in elke departement van ons konferensiewerk beter planne beraam, sodat ons voorwaarts mag gaan as 'n verenigde, soliede eenheid, en oorwinnings behaal en groter hoogtes bereik. In ons evangelistiese program van die verlede het ons die swak skakels in ons ketting versterk en daardeur swak, worstelende kerke in sterk verenigde liggamme verander. Nog 'n paar van die swak skakels moet versterk word deur publieke pogings wat ons in hul midde gaan hou; en dan moet die konferensie die groot vraagstuk aanpak om die onbewerkte dorpe in hierdie gebied te bewerk en te evangeliseer.

Die fondse van ons konferensie sal ons nie toelaat om nuwe werkers aan te neem nie. Die konferensie sal inderdaad baie gelukkig wees as dit nie party werkers sal moet afdank nie. Die enige manier waarop ons dus die nuwe gebied kan ingaan, is dus om ons werkers weg te neem van die ou kerke waar hulle jarelank al gearbeid het en hulle te laat gaan na die onbewerkte gedeeltes van ons konferensie. Dit is volstrek nie 'n nuwe plan in die werk van God nie. Die Here het ons bepaalde las in hierdie rigting gegee. Ons kan vanmôre net 'n paar aanhalings opnoem:

“Kyk tog, ek bid u, na die baie, baie plekke wat nooit bewerk is nie. Kyk tog hoe ons werkers oor en weer dieselfde grond bewerk, terwyl rondom hulle ’n verwaarloosde wêreld lê in sonde en goddeloosheid—’n wêreld wat nog nie gewaarsku is nie.”—*Deel 7, bld. 103.* “Ons predikers moenie hul tyd bestee in arbeid vir die wat alreeds die waarheid aangeneem het nie. Met die liefde van Kristus brandende in hul harte moet hulle uitgaan om siele vir Jesus te win. Hulle moet aan alle watere die sade van waarheid saai. Plek na plek moet hulle besoek; kerk na kerk stig. Die wat hul standpunt jeens die waarheid inneem, moet in kerke organiseer word, en dan moet die prediker verder gaan na plekke wat net so belangryk is.”—*Dieselfde, bld. 19, 20.* “Die Here het nie aan die predikers die werk opgedra om die kerke reg te sit nie. Sodra hierdie werk oënskynlik gedaan is, moet mens dit weer oordoën. Kerklede wat op die manier versorg en bearbeid word, word godsdienstige swakkelinge. As nege tiende van die arbeid vir die wat die waarheid ken, bestee was aan die wat die waarheid nog nooit gehoor het nie, hoeveel groter vooruitgang sou ons gemaak het. Die Here het Sy seëninge weerhou omdat Sy volk nie volgens Sy raad gewerk het nie. Dit maak diegenes wat die waarheid ken, swak as ons predikers aan hulle tyd en talente moet bestee wat aan die onbekeerdes moes gegee word. In baie van ons kerke in die groot dorpe predik die prediker Sabbat op Sabbat, en Sabbat op Sabbat kom die kerklede na die huis van God sonder ’n woord te kan sê omtrent ontvang seëninge as gevolg van meegeede seëninge. . . .

Die beste hulp wat ons ons mense kan gee is om hulle te leer om vir die Here te werk en na Hem op te sien, en nie na ons predikers nie. Laat hulle leer werk soos Kristus gewerk het. Laat hulle hul aansluit by Sy leer van werkers en Hem getrou dien.”—*Dieselfde, bld. 19, 10.* “Maak nuwe velde oop, sê die Here. Ons God roep nie die jongmense om onder die kerk te arbeid nie.”—*Deel 6, bld. 415.*

#### Bestuit

Die tweejarige tydperk behoort tot die verlede. Die beamptes van die konferensie, die uitvoerende komitee en die sekretarisse van departemente het die werk van die Here in ons konferensie so sterk en so vinnig moontlik probeer aanstoot. Ons dank

die Here vir die sukses waarmee Sy werk gedaan is. Maar ons is nou bly dat ons die las van die konferensie kan lê op die afgevaardigdes hier teenwoordig op die drie-en-twintigste sitting van die Natal-Transvaal konferensie. Ons bid die Here om ons verstand te gee om die toekomsplanne so te lê dat Sy werk oorwinnende mag aangaan om te oorwin.



## Verslag van die Uitgewers Departement

*Gelees op die Natal-Transvaal Konferensie*

S. J. FOURIE

Die manier om die evangelie van huis tot huis te predik het nie opgehou met die dae van die apostels nie, toe die voorbeeld van Kristus in hierdie opsig so getrou gevolg en so blykbaar geseën is. Hierdie selfde manier is gevolg in die sestende eeu, in die dae van die Hervorming, sowel as in die dae van die Waldenses. Die grootste voorreg wat die Kristen kan hê is dat hy mag deelneem aan die verbreiding van die Evangelie Boodschap. Duisendes is bereid om die laaste boodskap aan te neem en met ons literatuur, so vol waarheid, het ons ’n wonderlike geleentheid om ’n grote werk te doen in die uitbreiding van die koninkryk van God. Geen werk is so doeltreffend as die persoonlike werk deur middel van die verspreiding van leestof. Hoe gou sou die werk gedaan wees, as die kindere van God gewillig was om getrou hul deel te doen.

Ons is die Here dankbaar vir die voorreg om voor die afgevaardigdes hier verslag te doen aangaande die saad wat gedurende die laaste tweejarige tydperk gestrooi is. Allereers wil ons die Here dank vir Sy leiding en besturende hand waar ons nou ’n vergelyking maak. Die Here se werk het die depressie oorwin en verslae soos hierdie vergelykende driejarige verslag van boekverkopings wys:

1926-1928 .....	£17,235 12 10
1929-1931 .....	20,927 2 6
Toename in drie jaar	£3,691 9 8

Die laaste tweejarige tydperk wys ’n toename van £288-14-10 oor die vorige tydperk. As ons vir ’n oomblik dink aan die ernstige finansiële krisis wat in die handelswêreld heers, dan is hierdie toename seker ’n wonder van God.

Gedurende die laaste tweejarige tydperk het ons gemiddeld sewe gereelde kolporteurs in ons veld besig

gehad. Behalwe die gereeldes het ons plek gemaak vir twee-en-twintig studente van Helderberg Kollege,—ag in 1930 waarvan vier na die skool teruggegaan het met vol beurse, en twee spesiale studente wat ook ’n beurs gekry het, maar nie na die skool teruggegaan het nie. Van die veertien wat in die vakansie van 1931 in ons veld kom werk het, het twee alreeds bestellings tot ’n waarde van meer as £200, vier meer as £125 en die ander so omtrent £100 bestellings. Die vooruitsig is goed dat ons net soveel beurse sal kry as laaste jaar.

Ons wens ons getroue kolporteurs te verseker dat ons hul pogings, sowel as die van ons getroue kerklede, baie waardeer. Maar broeders en susters, die komende tweejarige tydperk lê grotere verantwoordelikheid op ons as die afgelepe tydperk en ons wens ’n persoonlike beroep te doen op iedereen hier teenwoordig en op elkeen van ons gemeentelede oral om meer tyd te bestee aan hierdie van-huis-tot-huis werk, waar ons opnuut die ons opgedrae taak op ons neem om die evangelie aan alle kreature te bring.



## Sinopsis van die President se Toespraak

*Aan die Afgevaardigdes Vergadering in die Twee- en Drie-en-Dertigste Tweejarige Sitting van die Kaap Konferensie van Sewende-dag Adventiste*

L. L. MOFFITT

#### GROETES

Dis inderdaad aangenaam om so baie van ons lede hier op die eerste vergadering van ons konferensiesitting in 1932 te verwelkom. Ons is bly om afgevaardigdes van so baie kante van ons veld hier te sien en ons glo vas dat waar ons as een man die Here soek om wysheid om vir ons toenemende werk in hierdie moeilike tye van depressie planne te lê, die Here ons leiding sal gee.

Hoewel ons enigsins die knyp van die geldelike skaarste gevoel het, tog is dit duidelik dat Suid-Afrika in vergelyking met andere dele van die wêreld nog veel het om dankbaar voor te wees. In Noord-Amerika is die toestand so ernstig dat die Sendingsraad sy appropriasies twaalf persent moes kort. Die Suidelike Afrikaanse Diwiesie was verplig strikte besuinigings in te voer; laaste jaar is die lone vyf persent gekort en dié



jaar tien persent, of vyftien persent in die afgelope twee jaar.

In die Kaap Konferensie het ons die invloed van die depressie nie groteliks gevoel voor 1931 nie. Vergelyke met die vorige jaar het ons tien-der-vir 1921 £528 laer gewees en die offerandes vir die sending het £332 geval. Nieteenstaande dit alles het ons tog in 1931 die mees agressiewe evangelistiese veldtog vir jare kan hou. Die Here het die werk gesien sowel as die gelde wat ingekom het, sodat die konferensie die afgelope jaar kon werk met 'n wins van £80. As ons egter die hele tweejarige tydperk in aanmerking neem, dan wys ons tiende 'n aanwys van £696 oor die vorige tweejarige tydperk, ons aanwys in offerandes vir die sending vir die tweejarige tydperk is £355, terwyl ons totale aanwys vir die werk oor die tweejarige tydperk £695 is.

#### Evangelistiese Pogings

Gedurende die afgelope tweejarige tydperk het ons twaalf evangelistiese pogings gehou: ses vir die Europeane en ses vir die Gekleurdes; en dan nog spesiale vergaderings vir die publiek in kerke. In die vorige tweejarige tydperk was daar ses pogings gehou, —drie vir Europeane en drie vir Gekleurdes,—of 'n aanwys van ses pogings vir die jongste tydperk. Dit sluit nie in die jaarlikse pogings van Helderberg Kollege nie; daarin stel die konferensie ook lewendig belang. Gedurende 1931 is daar pogings gehou in die volgende dorpe: Claremont, Stellenbosch, Oos Londen, Mosselbaai, Pacaltsdorp, Blanco, Stellenbosch (vir Gekleurdes), en Dieprivier.

U sal onthou dat ons op ons laaste ledevergadering te Helderberg Kollege gestem het om 'n deel van die offerande van die kampvergadering aan 'n fonds vir 'n verplaasbaar tabernakel vir evangelistiese werk te bestee. Hierdie tabernakel, vandag bekend as die Bybel Ouditorium, is die eerste vir 'n sentrale poging onderaan Adderleystraat in Kaapstad opgerig. Dit was begin 1930. Ouderling R. G. Morton, bygestaan deur Suster Morton, Broeder en Suster Milford, Suster Jeffrey en lede van die kerk van Kaapstad, het hier twee jogings gehou. Die tabernakel het daar nege maande bly staan. Ongeveer agendertig persons is as gevolg van die poging gedoop.

Die broeders Billes, Vixie en Vail, ondersteun deur hul vrouens, Ouderling Theunissen en lede van die kerk

van Soutrivier het in 19330 'n goed bygewoonde poging vir Gekleurdes in die Forester Saal te Woodstock gehou. As gevolg van hierdie poging is daar een-en-dertig gedoop.

Broeder J. J. B. Combrinck ondersteun deur Ouderling J. V. Wilson het die belangstelling te Athlone opgevolg met 'n aantal vergaderings in die nuwe kerk. As gevolg hiervan is daar twaalf gedoop.

Begin 1931 het Ouderling Morton 'n serie lesings gehou in die Bybel Ouditorium, Main Road, Claremont. Mej. A. G. Fleming, sendelinge op verlot aan die Kaap en lede van die kerk van Claremont het daarby gehelp. Teen die end van die poging by geleentheid van die besoek van Ouderling Montgomery is die gewestelike vergaderings vir die Westelike Provinsies in die Ouditorium gehou. Dit was 'n passende klimaks vir hierdie vergaderings. Ongeveer veertien persone is gedoop.

Ouderling W. H. Hurlow, ondersteun deur broeder en suster Milford, het begin 1931 'n poging te Stellenbosch begin. Hierdie poging het sterk teenstand gekry. Drie persone is aan die end van die poging gedoop en dit word verwag dat ander sal volg by hierdie kampvergadering.

Ouderling S. G. Hiten saam met Broeder Louis Strick het 'n tentpoging in Mosselbaai gehou. Ook hier het hulle taamlik teenstand gekry. Na die vergaderings is een persoon gedoop en die het aangesluit by die "Elim" kerk te George. Ouderling Hiten het in Desember vier te Miller gedoop en ses te Langkloof.

Die poging van Ouderling Hurlow te Oos Londen in die Spoorweg Instituut was goed bygewoon. Ouderling en Suster D. F. Tarr het getrou Bybelwerk gedaan in verband met hierdie poging. Broeders Marter en Shankel het ook vir 'n tydjie gehelp. Broeder Hurlow rapporteer dat daar vier-en-twintig gedoop is en dat daar vyftien in die doopklas is.

Ouderling D. C. Theunissen en Broeder D. May het die afgelope jaar twee tentpogings gehou in die distrik van George; een te Pacaltsdorp en een te Blanco. Na die poging te Pacaltsdorp is die "Elim" kerk georganiseer met 'n ledetal van een-en-twintig. Elf hiervan kom uit die kerk van George. Aan die end van die poging te Blanco is vier gedoop, dus totaal vyftien persone vir die twee pogings. Daar is nog verskeies in die doopklas.

Broeder en Suster Milford het op

Stellenbosch agtergebly toe Ouderling Hurlow Oos Londen toe gegaan het. Suster Milford het met die Bybelwerk aangegaan en Broeder Milford het 'n poging onder die Gekleurdes begin. Hy rapporteer dat daar tien klaar is om gedoop te word en ander is baie belangstellend.

In Oktober het Broeder Billes en Ouderling Nelson van die Diwiesie kantore 'n tentpoging te Dieprivier begin. Van die begin is hierdie poging goed bygewoon en hoewel hulle gehinder was deur gebrek aan Bybelwerkers, was daar tog goeie resultate. Broeder Combrinck het gedeeltelik in hierdie poging gehelp en Broeder Jackson, leier van die kerk te Soutrivier was tentmeester en het Bybelwerk gedaan. Broeder Billes rapporteer dat daar sewentien is wat Sabbat hou en wat klaarmaak vir doop die laaste Sabbat van die kampvergadering; en ongeveer nog tien sal later volg.

#### Dope, Ledetal en Kerke

Die aantal dopelinge vir die tweejarige tydperk bedra 228, 'n vermeerdering van drie oor die vorige twee jaar. Die vermeerdering sou egter heel wat groter gewees het, het ons nie beslis gehoor gegee nie aan die aanbeveling van die Diwiesie Raad om die doop langer uit te stel met die doel om die nuwe bekeerlinge grondiger in die geloof te bevestig. In die begin van 1932 sal daar verskeies gedoop word, wat feitlik voor die end van die tweejarige tydperk sou gebeur het, had ons nie volgens hierdie konserwatiewe en veiliger plan gewerk nie. Vir die afgelope tydperk was daar 150 gevalle van doop onder die Europeane en 78 onder die Gekleurdes, of 228 alles tesaam.

Deur verplasing wys die afdeling vir Europeane 'n verlies van agendertig lede. Die Gekleurdes het 'n aanwys van sewen-en-dertig. Desember 1931 was die ledetal onder Europeane 914, onder Gekleurdes 311, of 'n totale ledetal vir die konferensie van 1,225 verdeel oor sestien kerke vir Europeane en ag kerke vir Gekleurdes.

Gedurende die tweejarige tydperk het die Gekleures uitstekende vordering gemaak; hul ledetal het van 189 tot 311 opgekom.

#### Nuwe Kerkgeboue

Twee nuwe kerkgeboue is in hierdie tweejarige tydperk opgetrek; een te Athlone; en een te Elsie's Rivier. Die gelowiges te Athlone het hul vergaderings in 'n ou vervalde saal ge-

hou, totdat dit afgekeur is. Toe het hulle in 'n privaat woning bymekaar gekom; maar die was te klein en ongerieflik. In 1930 het ons 'n stuk grond gekoop en daarop 'n sink kerkie gebou.

In 1931 het ons 'n stene kerkie te Elsie's Rivier gebou. Die Generale Konferensie het £205 deur die kerkuitbreidingsfonds vir hierdie gebou gegee en Broeder Billes het meer as £100 se waarde aan materiaal present gekry van handelaars in Kaapstad.

Ouderling B. W. Abney wat by sy koms van Amerika in Augustus 1931 die werk onder die Gekleurdes opgedra is, het op Sondae en Woensdae 'n serie vergaderings in die kerk gehou. Hy rapporteer dat daar twaalf aan die end van die kampvergadering sal gedoop word.

#### Veldtogte

In die veldtogte vir die afgelope tweejarige tydperk het die Oes Insameling die vernaamste plek ingeneem. In 1930 het die totale Oes Insamelinggelde £2,200 bedra, in 1931 £2,055, totaal £4,255 vergeleke met 'n totaal van £3,811 vir die vorige tweejarige tydperk of 'n aanwinst van £444.

Die veldtog van die afgelope jaar was veral bemoedigend. Ondanks die depressie het ons mense met prysenswaardige moed en vasberadenheid uitgegaan en teen die end van die sesde week het hulle reeds die doelpunt van die konferensie bereik. Broeder F. E. Potter, ons Buurtsending-sekretaris, het op bekwame en opwekkende manier leiding in hierdie saak gegee.

Die Grootweek het nie met dieselfde besieling en sukses as die Oes Insameling gegaan nie. Die jaar 1930 het £174 ingebring, 1931 net £67 of 'n totaal van £241 vir die tydperk. Dis 'n vermindering van £57 oor die vorige twee jaar.

Die veldtog vir die *Review and Herald* en die *African Signs* het nie die moontlikheid van verder sirkulasie uitgeput nie, aangesien daar in die Kaap Konferensie net 109 families is wat inskryf vir die *Review*. Die *Signs of the Times* behoort nog duidendes te bereik wat ons vandag nie bereik nie. Waar ons nou die blad ook in Afrikaans het, behoort ons gedurende 1932 die sirkulasie van "Africa's Prophetic Monthly" prober verdubbel.

Hoewel die Week vir opoffering geen veldtog is nie, sal dit tog nie verkeerd wees nie om die vooruitgang in hierdie besondere offerande gedurende die afgelope vier jaar te noem

nie. In 1928 het die Week vir Opoffering £221 opgebring, in 1929 £337, of totaal £558 vir die tydperk. Vir die afgelope tweejarige tydperk was dit as volg: £262 vir 1930, en £231 vir 1931, of totaal £493, dus 'n vermindering van £65 oor die vorige twee jaar.

Ons eindig hierdie rapport met opregte en hartelike dank aan ons getroue lede en aan ons korps getroue medearbeiders wat so gewillig met die beamptes en komitee van die konferensie saamgewerk het, waardeur hierdie rapport moontlik was. Maar boonal bring ons dank en lof aan die Hemelse Vader, aan ons geseende Heer en Saligmaker Jesus, en aan die Heilige Gees; want na alles gesê is, bly dit: "Wat het God gedaan."

## S. A. Unie-Konf.

N. C. Wilson ..... President

A. F. Tarr ..... Sekr.-Tes.

Bus 468, Bloemfontein, O. V. S.

## Die Werk gaan Vooruit in Maritzburg

A. W. STAPLES

'N Paar maande gelede het ons hier in Maritzburg 'n navolgende poging gehou. Party van ons kerklede het op verskillende maniere ons gehelp. Die Here het veral die las op die hart van Broeder Fowler gelê. Ons het hierdie voortdurende ondersteuning waardeur. Broeder Floyd Tarr en Suster Sanders van die Uniekantoor het ook vir 'n maand gehelp. Ons was bly vir hul hulp.

Die Here het Sy seën op die gedane werk gebied. In die stilte het die siele die Here gesoek en hul standpunt geneem met betrekking tot die boodskap van hierdie laaste dae.

Sabbat die twaalfde Desember, was vir die gemeente van Maritzburg weer opnuut 'n dag van oorwinning. Om drie uur in die namiddag was daar baie in die kerk; hulle het hartelik deelgeneem in die diens. Tien dierbaar siele het vorentoe gekom, belydenis gedaan en is in die kerkgemeenskap opgeneem. Broeder J. C. Baumann en die skrywer het hierdie bekeerlinge die regterhand van gemeenskap gegee. In die diep erns van hierdie oomblik was baie deur die Gees van God tot tranen toe bewoë. Die kandidate het die een na die ander hul Heer in die doop gevolg en het opgekom om die vol wa-

penrusting van God aan te doen en die goeie stryd van die geloof te stry. Ons gebede volg hulle en mag die Here hulle maak tot wakker stryers van die kruis.

Gedurende die jaar 1931 het ons in Maritzburg drie-en-twintig siele gedoop. Daar is nog wat die Sabbatdienste bywoon en ons verwag dat vroeg in hierdie jaar weer 'n groep kandidate vorentoe sal kom om gedoop te word.

Ons dank die Here vir hierdie vrugte wat ons uit die konserwatiewe Maritzburg mog pluk, wetende dat Jesus alleen red. Ons gaan moedig verder om nog ander te soek.

• •

## Groete uit Suid Wes Afrika

HERMANN FICKER

Die paar wydverspreide en eensame gelowiges in die Advent Boodskap hier stuur groete aan alger van dieselfde dierbare geloof in die Suidelike Afrikaanse Diviesie. Die aantal volwassene Sabbathouers is minder as tien, tog hou hulle moedig die banier van waarheid omhoog. Hoewel die tye swaar is, kan ons tog ons harte tot God ophef en Hom prys.

Groot afstande moet ons aflê om die dierbare susters en broeders te ontmoet, maar waar ons plan maak om hulle op hul plase te besoek, daar weet ons dat die Here hulle 'n oorvloedige seën vir hul dorstige siele berei waar ons vir hulle vertel van die ver gemeentes wat arbei vir hul Meester. Die woestyn sal nog bloei as 'n roos as die saad deur hierdie edele siele gestrooi, sal wortel skiet en vrugte dra tot verheerliking van God.

Heel die groot land deur is die boeke "Bybellesings" en die "Huisdokter" in feitlik elke huis geplaas, tot selfs in die kleinste groep mynhutte. Dit doen ons harte goed om te sien hoe hoogmoedig hulle is om een of albei hierdie boeke van die plank te haal en te wys. Die evangelis sal hier seker nooit 'n groot gehoor kry nie, maar die stille getuie van die boek maak die harte van die mense sag en wys vir hulle die pad van die lewe.

Geliefde medegelowiges, bid vir ons wat hier is; bid vir die wat ons goeie boeke soos die herfsblare versprei en bid veral vuriglik dat die Here ook hier Sy werk mag kortsny in geregtigheid. Selfs van hierdie uithoek van die wingerd van die Here sal siele met blydschap kom draende hul gerwe.

## Word die aangeneemde kind verwaarloos?

L. A. VIXIE

'N Welvarende Kristelike huisgesin het twee liewe kinders, twee dogtertjies, gehad. Hulle wou die gesin meer ideaal maak en besluit toe om 'n seuntjie aan te neem.

Die jare het die een na die ander verbygegaan en niemand het vermoed dat die seuntjie nie een van die drie was nie behalwe die wat dit gewees het. In elke opsig is hy ge-lyk en met liefde behandel.

Maar die dag het gekom toe Hendrik beskou is as 'n las, as oortollig. En gou het hy die verskil gesien en ongelukkig verstaan dat hy 'n aangeneemde kind was.

Ek sien nog 'n verwaarloosde seun in ons skone land. Weet u wie hy is? Stel u belang daarin? Hy is so 'n waardevolle seun dat ek hoop dat daar in die hart van elke opregte en wakkere Sewende-dag Adventiste 'n waar ouerlike liefde mag ontwaak en dat die seun weer mag aangeneem word. As u hom in u huis opneem, sal hy anderens wys wat hy wêrd is en die seëninge sal op u eie hoof weerkeer. Wie hy is? Niemand minders as die nagelate *Signs Veldtog*.

Die laaste paar jaar het die Oes Insameling en Grootweek Veldtog toegeneem. Elke jaar het 'n vermeerdering gewys. Maar die *Signs* het van sy verheve hoogte van 10,000 intekenaars afgekom tot 7,000.

Suid-Afrika se profetiese maandblad bewys goeie dienste in hierdie dae "as die mense hul harte beswyk van angs." Soos u alger weet maak dit die groot waarhede wat ons so waardeer, baie duidelik.

Belemmer ons nie die nut van hierdie seun deur hom te verwaarloos nie?

Let op uself. Gaan u u bes doen om die groei van hierdie "aangeneemde seun" te bevorder?

Sal u nie minstens vyf intekenaars probeer kry gedurende die komende veldtog nie? U kan as u wil. Daar is baie wat vandag in die kerk van die oorblyfsel is as gevolg van die *Signs of the Times*. Daar kan nog baie by ons aansluit as ons ons bes doen.

Die *Signs Veldtog* het u van node en u het behoefte aan die *Signs Veldtog*. Ja, wat meer is, iemand mag die Godstad binnegaan omdat u u plig nie verwaarloos het nie.

## Obituaries

**DEMPSEY.**—Sister Dempsey passed away in Durban, Sabbath, Dec. 12, 1931. She had gone to a lower altitude and to be with her son in her serious illness.

Sister Dempsey accepted present truth under the labours of Pastor C. A. Paap in Maritzburg, where she retained her membership till her death. She was seventy-four years of age. She was buried by the Rev. Skelton of the Church of England in the family plot in the Church of England cemetery, Maritzburg.

Our sympathies are with the bereaved relatives and we pray that the Lord may comfort their hearts.

A. W. STAPLES.

**MOKO.**—Richard Moko accepted present truth in the year 1893 and was baptised following the second camp-meeting held in this country, in 1895. Brother Moko was our pioneer South African native worker and laboured many years selling our publications in the various towns and villages of the Cape Province. He was an ordained minister and preached the Word with power. There is hardly a village in Kafirland where the name of Moko is not known and many today are rejoicing in the light of truth as a result of his labours. He glorified in tribulation and once had a tooth knocked out of his mouth while he was holding an open air meeting. But he boasted that on that very spot there is a church building standing and expressed his willingness to lose every tooth in the very same way, if for each tooth there could be raised up a church company.

For several months Brother Moko had not enjoyed the best of health. He came to East London several weeks ago to reside with his daughter. He was confined to his bed most of the time and gradually grew weaker. He died January 7, aged 82 years. A short service was conducted by the writer in the native Baptist church, very kindly loaned to us for the occasion, and Elder D. F. Tarr conducted the service at the graveside, a large number of people attending the funeral. Brother Moko's mortal remains were laid to rest in the East Bank Location cemetery there to await the call of the Life-giver.

To the sorrowing wife and children we extend our deepest sympathy.

J. E. SYMONS.

**BULL.**—The many friends of Mrs. E. Bull will be saddened to learn that she passed away in England on December 19 where she was visiting her people. She was buried in the Highgate cemetery, there to await the call of the Life Giver when He shall descend from heaven with a shout and with the voice of the archangel.

Sister Bull laboured for many years in the cause of truth in South Africa. Before she accepted the message she was an officer in the Salvation Army in whose service she was acknowledged as a real soul winner; and after the light of present truth came to her, she at once took up a wider service and laboured unceasingly in the interests of the cause in various parts of the Cape Conference. She will be especially remembered for her service on behalf of our coloured people in Kimberley, Cape Town and Port Elizabeth, where she spent herself untiringly in the service of the truth she loved so dearly.

A few months ago her health began to fail, and she requested a leave of absence that she might return to England to visit her people, expecting to return to this field again to give her life in service for the Master. But an all-wise God has decreed otherwise and she now rests from her labours to await the soon coming of her Lord.

**BOSHOFF.**—Johanna Botha was born November 3, 1874 in the Free State. Her father was a brother of the late General Louis Botha. Early in life she married Mr. J. Boshoff. About six years ago she accepted the message under the labours of Pastor W. H. Hurlow and united with the Maritzburg church. Ailing much this past year she was finally prostrated. After a painful and lingering illness she passed away at Grey's Hospital on December 7.

It was the writer's privilege to minister at the bedside. She loved the message. Her faith and confidence were anchored in Jesus.

She leaves a husband, three sons and one daughter and relatives to mourn their loss.

She was laid to rest in the family cemetery on the farm at Mooi River, Natal. Many gathered at the graveside, including her brother General Manie Botha. The Lord came wonderfully near to bless and comfort as the "blessed hope" was presented and accepted.

A. W. STAPLES.

**MEIRING.**—Onder blyke van groot belangstelling het 'n skare van omtrent 200 mense bymekaar gekom om die laaste oorskot van ou moeder Cornelia Arnoldina Meiring van Bonnie Vale te aarde te bestel.

Moeder Meiring het omtrent 40 jaar gelede onder die arbeid van Broeders Scholtz en P. Wessels die waarheid aangeneem. Ons betreur die heengaan van een van die oudste Adventiste in Suid-Afrika. Die ou moeder was twee maande siek waarvan sy die laaste veertien dae bedlêrig was. Sag en teder is sy heengegaan op die môre van die derde November met die volle versekering dat sy haar Heiland in die opstandings dag sal ontmoet.

Broeder P. v. d. Merwe van Helderberg Kollege het die lykrede gehou en die skare toegesprek by die graf na aanleiding van John. 11:11. Ons treur nie soos die wat geen hoop het nie maar ons is verseker ons sal ons moeder weersien in die opstanding.

S. A. VAN HANZEN.

"He who co-operates with the divine purpose in imparting to the youth a knowledge of God, and moulding the character into harmony with His, does a high and noble work. As he awakens a desire to reach God's ideal, he presents an education that is as high as heaven and as broad as the universe; an education that can not be completed in this life, but that will be continued in the life to come; an education that secures to the successful student his passport from the preparatory school of earth to the higher grade, the school above."—"Education," p. 19.

*The Southern*  
**African Division Outlook**

Published monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

**W. B. COMMINS** \_\_\_\_\_ Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright \_\_\_\_\_ President.  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Secy.-Treas.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
E. D. Dick \_\_\_\_\_ Field and Educational Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ H. M. and Miss Vol. Secy.  
W. B. Commins \_\_\_\_\_ Sab. School Secy.  
L. A. Vixie \_\_\_\_\_ Field Miss. Secy.

## News Notes

The camp-meeting Sabbath schools were well attended at both Johannesburg and Kenilworth. The offering was over £32 in the Natal-Transvaal Sabbath school sessions, and over £37 in the Cape.

Brethren A. C. Le Butt and Leslie Billes were ordained, to the gospel ministry at the time of the recent camp-meetings, the former at the Johannesburg meeting and the latter at Kenilworth.

Elder S. G. Hiten was called away from the Cape camp-meeting last Sabbath to hasten over to George to conduct the funeral of Brother Donald van der Poel, who died as a result of an automobile accident in which he was injured about two weeks ago. Our sympathy goes out to the family in this hour of sorrow. An obituary will appear later.

The baptism on the closing day of the Cape camp-meeting was a very interesting occasion. A baptistry out in the open air had been prepared, and after a short service led by Elder W. H. Hurlow, forty-three souls were buried with their Lord in baptism. Some of these were isolated members, others the fruit of evangelistic efforts on the Peninsula.

Mrs. Peter Stevenson recently passed through Cape Town on her way to East London from Angola. She has been called home because of the death of her mother in East London.

Dr. and Mrs. Wilfred Ingle recently arrived from England en route to Maritzburg. Dr. Ingle has been in

Europe for post-graduate work, while Mrs. Ingle has been visiting her parents, Elder and Mrs. I. J. Hankins, in America.

DURING the Cape Conference session word was received by wire from Port Elizabeth of the death of Brother Charles Tarr, of Tsesebe, who had been taking treatment in Port Elizabeth. We express our sincere sympathy to the sorrowing relatives in this hour of bereavement. An obituary will be published in an early issue of the OUTLOOK.

## Is the Adopted Child Neglected?

L. A. VIXIE

A THRIFTY Christian family had two dear children, two little girls. They agreed that to make the circle more ideal they would adopt a little boy.

Years went by and no one, except those who were informed, could guess that he was not one of the three. In every detail he was treated fairly, squarely, and lovingly.

However, the day came when Henry was looked upon as a burden, an unnecessary extra. Soon he noticed the difference and learned, unfortunately, that he was adopted.

I see another neglected son in our fair land. Do you know who he is? Are you interested? He is such a valuable son that I trust that in the heart of every sincere, awake Seventh-day Adventist there may be fostered a real parental love and that re-adoption will take place. If you take him into your home he will prove his worth to others and rebound in blessings on your own head. Who is he? None other than the neglected *Signs* Campaign.

For the last few years the Harvest Ingathering and Big Week campaigns have been growing. Each year each has shown an increase. But the *Signs* has dropped from its lofty peak of 10,000 subscriptions to 7,000.

Africa's prophetic monthly is serving a most useful end in these days when "men's hearts are failing them for fear." As all of you know it makes very clear the precious truths we treasure.

Aren't we crippling the usefulness of this son by neglecting him?

Check up on yourself. Are you

going to do your best to promote the growth of this "adopted boy?"

In this coming campaign will you not try to get at least five subscriptions? You can if you will. There are many to-day who are in this remnant church because of the *Signs of the Times*. Many more may be in our ranks if we do our part.

The *Signs* Campaign needs you and you need the *Signs* Campaign. What is more, someone may enter the city of God because you did not neglect your duty.

## If I Had a Better Education

M. ELLSWORTH OLSEN

ARE there not young men and young women in our churches who by spending their evening hours in study could greatly better their positions? We offer excellent courses in Shorthand, Typewriting, Bookkeeping, English, Modern Languages, Salesmanship, and many other subjects of high school grade and also a large variety of college courses, also a complete course in Bible, Denominational History and Church History. If you can give your spare minutes and some of your evenings to study, we are sure that we can prepare you for something better. Our tuition rates are as low as 4/6 a month for each subject. Our work is fully accredited in all our own schools and in a number of schools outside the denomination.

Let us have the privilege of sending you our new catalogue, which is just off the press. If you have no money at all for tuition, let us tell you how to get some. Address the Home Study Institute, Takoma Park, Washington, D. C., U. S. A.

## Wanted

To purchase a set of the "Testimonies," secondhand, comprised of nine separate volumes. Kindly write to F. E. Potter, P.O. Box 378, Port Elizabeth, C. P., stating price.

"MANY a lad of today, growing up as did Daniel in his Judean home, studying God's Word and His works, and learning the lessons of faithful service, will yet stand in legislative assemblies, in halls of justice, or in royal courts, as a witness for the King of kings."—*Education*, p. 262.